SAKE 24 (Beeld)
Thursday, 19 June 2008, p. 14

Stram toestande vereis versekering

MiWay maan oor bedrog, gierigheid

Hoe moeiliker dit met Suid-Afrikaners gaan weens faktore soos 'n strammer ekonomie en misdaad, hoe belangriker is korttermynversekering.

Só meen mnr. René Otto, uitvoerende hoof van die nuweling-korttermynversekeraar MiWay.

"Selfs onder die skatrykes kan min mense dit bekostig om nié hul motor of huis te verseker nie," sê Otto.

Dis volgens Otto juis moeiliker ekonomiese omstandighede wat meebring dat mense al hoe meer rondkyk vir laer premies. "By MiWay probeer ons dus mededingend wees met ons premies aangesien dit tans vir mense van groot belang is," sê hy.

In sommige gevalle kan mense wat hul sente soveel moontlik probeer omdraai, egter die gevaar loop om onderverseker te wees.

"Onderversekering gebeur wel en dan is mense baie ongelukkig, al het hulle geweet hulle is onderverseker," sê Otto.

"Dit gebeur dikwels dat mense onderskat wat dit byvoorbeeld sal kos om hul huisinhoud te vervang ná 'n inbraak of 'n brand of stormskade," sê hy.

"Sommige items, soos rekenaars, is egter verbasend goedkoper om te vervang as wat dit byvoorbeeld tien jaar gelede was."

Otto waarsku dat een van die gevolge van moeiliker ekonomiese omstandighede 'n toename in versekeringsbedrog is.

"Sulke bedrog gaan dikwels met onkundigheid gepaard, want dit is asof mense nie besef versekeringsbedrog is regtig 'n misdaad net soos winkeldiefstal nie," sê hy.

"Dis hartseer dat mense hulle hieraan skuldig maak aangesien die bedrag waarmee 'n eis bedrieglik verhoog word, kan veroorsaak dat hul totale eis gerepudieer word," sê hy.

Me. Fathima Parker, assistent-bestuurder van bedrogondersoeke en dispuutdienste by Ernst & Young (E&Y), beaam dat swakker ekonomiese omstandighede, skommelinge in aandelemarkte en 'n toename in persoonlik skuld tot versekeringsbedrog kan lei.

Mnr. René Otto, uitvoerende hoof van MiWay. Foto: VERSKAF

Volgens Parker is daar veral twee tipes korrupte versekeringseise in korttermynversekering.

Eerstens word versekeringseise versin. Dit is byvoorbeeld wanneer die eienaar van 'n motor wat reeds beskadig is, die motor buite parkeer in 'n storm sodat boomtakke of hael dit verder beskadig en die eienaar dan kan eis vir die herstel daarvan.

Die tweede tipe is wanneer iemand eenvoudig sy eis opblaas. As daar byvoorbeeld by 'n versekerde huis ingebreek word, sal 'n huiseienaar eise instel vir goed wat voor die inbraak reeds weg was of wat hy nooit besit het nie.

Volgens Otto moet mense versigtig wees om nie oor versekering te dink soos oor 'n belegging en daarom te voel hulle moet altyd vergoed word vir die premies wat hulle betaal nie.

Otto sê dis ook gevaarlik wanneer iemand byvoorbeeld 'n motor koop teen die maksimum paaiement wat hy of sy kan bekostig. Wanneer rentekoerse styg, soos weer verlede week, verhoog dit die paaiement wat elke maand betaal moet word en wil almal op een slag van hul motors ontslae raak.

"Sommige mense vind dit dan makliker om bedrog te pleeg deur eenvoudig te maak of die motor gesteel is en vergoeding van hul versekering te eis," sê Otto. "Mense moet baie versigtig wees aangesien hulle deur gierigheid in 'n baie slegter posisie kan beland as voorheen."